

## TWEEGESPREK

Aan twee van die drie kruise op Golgota vind 'n belangrike tweegesprek plaas. 'n Tweegesprek uit die dood na die lewe. 'n Tweegesprek tussen 'n misdadiger/rower met onbekende naam en Jesus. Hierdie misdadiger was beslis nie 'n "goeie" mens nie. Sy oortredinge was so erg dat hy die doodstraf gekry het. Aan die man aan die derde kruis sê hy "ons ontvang die verdiende straf vir ons dade." Ons is skuldig, Jesus nie. Hier word die gesprek eintlik 'n driegesprek. 'n Gesprek tussen twee misdadigers wat besig is om dood te gaan, waar die een die ander vermaan om tot inkeer, omkeer en bekering te kom voor dit te laat is. Dan kom ons terug na die eintlike tweegesprek: Die een misdadiger vra dat Jesus aan hom dink wanneer Hy in sy koninkryk kom.

Met hierdie onbekende misdadiger tree Jesus toe tot die tweegesprek. Ongelooflik hoor hierdie sondaar wat op pad hel toe is die woorde: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met my in die paradys wees." Jesus doen oneindig meer as wat die misdadiger vra, Hy dink nie net aan hom nie, Hy vat hom saam hemel toe! As dit nie genade is nie, weet ek nie wat genade is nie! 'n Skuldige word onskuldig verklaar. 'n Ter dood veroordeelde kry die ewige lewe! Ek kan my egter indink dat die mense by die kruis moes dink dat Jesus 'n fout gemaak het om hierdie misdadiger as eerste mens te kies om Hom te vergesel. So 'n groot sondaar. Daar was darem baie "beter" mense wat Jesus kon kies om as eersteling saam te vat? Wat van die elf dissipels en al die ander volgelinge van Jesus? Wat van sy pa, ma en broers? Wat van al die ander vroom Jode wat op Jesus se koms gewag het? Kon Jesus nie 'n "waardiger" mens kies nie? Maar soos Jesus tussen twee misdadigers MOES hang omdat hy vir hulle en ons sondes gekom het, vat Hy hierdie misdadiger as eersteling saam!

Hierdie misdadiger het egter iets geweet wat skynbaar nie algemeen bekend was nie. Hy het geweet dat Jesus nie net mens nie, maar tegelyk ook God is. Ons dink dalk dikwels net aan hierdie gebeure as hoe groot Jesus se genade oor hierdie misdadiger was, maar vergeet dat die gebeure nie eintlik oor die misdadiger gaan nie, maar oor Jesus. Jesus was en is waarlik ook God en hoef nie aan die kruis te gehang het nie. Hy was gehoorsaam tot die dood om vir die misdadiger en vir ons die ewige lewe te gee. Jesus was Mens wat moes sterf en begrawe word, maar ook God wat dieselfde dag nog saam met die misdadiger paradys toe is. Tegelyk in die graf en in die paradys! Hoe oneindig groot is ons God!

Jan Lubbe